# ONS MUSIEK.

HOEWEL ek 'n leek is met slegs 'n klein bietjie kunssin, voel ek my tog gedronge om iets te skrywe oor ons musiek in Suid-Afrika. Ek sien nou al baie lank uit na toonaangewende beskouinge oor hierdie saak; en hoewel ek hier en daar in koerante en tydskrifte stukke lees wat m.i. opspraak behoort te verwek, kry ek die indruk dat hulle tog maar meteen weer wegsink en blykbaar niks tot die vestiging van 'n gesonde publieke opienie bydra nie.

Laat my toe om kortliks duidelik te maak wat ek met die vestiging van 'n gesonde publieke opienie bedoel.

Op die gebied van ons letterkunde bespeur ons nie alleen vooruitgang en bloei nie, maar daar bestaan ook letterkundige kritiek. Daar bestaan waardering, maar daar bestaan ook 'n maatstaf van beoordeling. Ons stel dus sekere eise aan die digkuns; en wat meer is, ons besef ook dat die digter 'n sekere leerskool moet deurmaak. Ons dink in verband met die digter onwillekeurig aan die leerskool wat hy deurgemaak het en wat hom tot daardie rypheid gebring het. En laat my maar meteen sê dat dit die vestiging van 'n publieke opienie omtrent daardie leerskool is, wat ek van die grootste belang ag. Dit is tog seker vir 'n volk goed om—al is dit maar net in sekere kringe, maar dan tog in daardie kringe—'n gesonde beskouing te huldig omtrent die leerskool wat 'n kunstenaar in wording moet deurmaak.

Wat ons beeldende kuns betref, daar begin die belangstelling in die aangeduide rigting ook al sterker te word; maar wat die musiek betref, daar wil dit maar nie tot die saamgevoelde belangstelling kom nie. Daar ontbreek nog steeds 'n gewigtige skakel, miskien die gewigtigste skakel.

In *De Goede Hoop* van 15 Januarie 1921 het ek 'n artiekel van prof. Jannasch oor: ,,De Invloed van 't Volkslied op de Kunst'' gesien. Daardie stuk, het ek gedag, moes nou aanleiding gee tot die opvoeding van die publieke opienie, maar dit het blykbaar geen opspraak verwek nie. En tog word daar in Suid-Afrika baie aandag aan musiek gewy; en daar is seker ook baie jongmense wat begaafdheid toon, en hulle behoort tog te verneem wat die leerskool is wat ons hulle toedink—veral wanneer daar die vooruitsig bestaan dat hulle later skeppend mag optree.

Wat is nou die leerskool van vandag? Die jongeling het aanleg vir musiek. Hy mag dus maar die skool ná Standerd VII verlaat en hom verder alleen toelê op sy liefhebbery. Hy mag op later leeftyd na Londen gaan en daar selfs onder 'n beroemde meester leer speel en 'n paar jaar later A.R.A.M. agter sy naam skrywe.

Is dit nou die leerskool wat ons deur publieke opienie aan so iemand moet voorskrywe?

Ons gaan tog seker saam met prof. Kalff waar hy beweer: ,,Voor de ontwikkeling van een dichter is meer nodig dan literatuurstudie; de kunstenaar kan niet rijpen, indien de mensch niet rijpt.'' Dit is tog seker ook waar ten opsigte van die toondigter; en is die leerskool wat ons toekomstige musikusse, volgens die hedendaagse resep, moet deurmaak, nou bereken om die mens ryp te maak? Die rypheid van die mens hang tog seker af van die mate waarin die hoër geesteslewe van die volk sy eiendom word; en tot dié hoër geesteslewe het hy met Standerd VII seker nog nie veel toegang verkry nie?

Prof. Lamprecht skrywe van die beeldende kunstenaar dat ,,hy eers dan in sy poginge waarlik slaag wanneer hy in staat is om homself buite die lewe te stel, wanneer hy die naïewe verhouding waarin hy tot die dinge staan, in hoë mate ontgroei is—ja, vreemd daarteenoor kom te staan.'' Die kunstenaar moet dus so ver kom dat hy in staat is om objektief teenoor die dinge te staan—die dinge waarmee hy tog self een is.

En watter kanse het ons aspirant-musikusse van vandag om tot dié rypheid te kom? En het ons, die publieke opienie, nie skuld daaraan dat ons hulle dié onontbeerlike leerskool nie aanwys nie?

Maar, antwoord iemand miskien, die ware kunstenaar sal wel sy weg vind; ons moet dus maar wag op sy koms. Nee, ons kan minstens die bodem voorberei en die wêreld nie so braak laat lê nie—soos dit vandag seker is. Van een ding is ons seker, sover 'n leek dit kan voel, en dit is dat ons volksmusiek nog nie gebore is nie. Die toonkunstenaars wat ons het, trakteer ons net op die musiek van ander lande. Ons geniet daardie musiek natuurlik, maar ons hunker tog na die musiek wat daar in ons volkslewe is en wat net wag op die onbevooroordeelde liefde wat daaraan die skone en blywende vorm sal gee.

Ons dink onwillekeurig aan die woorde van De Génestet:—

> Menig boesem blaakt alleen
> Voor het hoogverheven'—
> My trekt alles, groot en klein
> In dit lieve leven!

By ons is daar op die gebied van die musiek nog nie oor vir die ,,groot en klein in dit lieve leven'' nie.

Net soos Jan Celliers gevoel het dat die veld nog eendag sy komponis sou kry wat dit in skone tone sou besing, net so voel ons dat nie alleen die veld, maar ook ons volkslewe nog sy komponis gaan kry, maar dan—het ons ook skuld daaraan.

C.F.V.

Bloemfontein.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012